# Die prys van moederskap

Maak seker dat jy ‘n finansiële plan in plek het wanneer jy ‘n tyd lank gaan ophou werk om jou kinders groot te maak

Vroue het ‘n langer lewensverwagting en benodig daarom met aftrede meer geld as mans. Statistieke wys egter dat vroue geneig is om aansienlik minder spaargeld as mans te hê teen die tyd dat hulle aftree.

## Tyd weg van die werk beïnvloed aftree-spaargeld

Die belangrike rol van moederskap, wat onontbeerlik is vir die stoffasie waaruit ons samelewing gemaak is, is die rede waarom talle vroue in hul latere lewensjare finansieel meer kwesbaar is.


Wanneer moeders ophou werk ten einde hul kinders groot te maak, hoewel dit vir ‘n relatief kort tydperk mag wees, het dit ‘n enorme uitwerking op hul aftree-spaargeld. As hulle dan terugkeer na die werkplek verkies hulle soms om ‘n minder veeleisende posisie te beklee, sodat hulle die balans tussen werk en gesin kan bewaar en dit verminder die vermoë om vir aftrede voorsiening te maak, nog verder. Kom ons bekyk die syfers:

- As jy op 25-jarige ouderdom 15% van jou salaris 35 jaar lank in ‘n aftree-fonds belê, behoort jou pensioengeld na verwagting voldoende te wees.

- As jy op 30 vyf jaar lank ophou werk, sal jou pensioen 80% van hierdie bedrag wees, of jy sal 3.5% meer (18.5%) moet bydra terwyl jy werk.

- As jy op ouderdom 34 vyf jaar lank ophou werk, sal jy ‘n pensioen van 85% van die eerste voorbeeld kry, of sal dit vir jou nodig wees om 3% meer by te dra terwyl jy werk. Die rede waarom jy effens minder sal hoef te spaar as in die vorige voorbeeld, is omdat jy teen ouderdom 34 ‘n groter enkelbedrag sou gespaar het deur voordeel te trek uit saamgestelde groei.

- As jy op 30-jarige ouderdom 10 jaar lank ophou werk, sal jy ‘n pensioen van 65% van die eerste voorbeeld kry, of sal jy 8% (23%) meer moet bydra terwyl jy werk.



## ‘n Langer lewe beteken dat jy meer geld benodig om af te tree

Om sake te vererger het vroue eintlik ‘n groter enkelbedrag by aftrede nodig as mans. Met ‘n gewaarborgde annuïteit wat aan inflasie gekoppel is (d.w.s. ‘n gereelde inkomste wat tred hou met inflasie), sal dit vir ‘n vrou nodig wees om 10% meer te spaar as haar manlike eweknie om te verseker dat sy dieselfde maandelikse inkomste ontvang. Dit beteken dat vroue nie kan bekostig om 35 jaar lank net 15% te spaar nie. Hulle sal eerder 16.5% moet spaar.

## Gedeelde aftree-spaargeld met egskeiding

Die pensioenfondswette is onlangs gewysig sodat ‘n nie-lid eggenoot in geval van ‘n egskeiding onmiddellik ‘n gedeelte van sy/haar gewese eggenoot se pensioenfonds kan ontvang. Dit staan bekend as die ‘skoon breuk-beginsel’.

Hoewel dit ten doel het om die eggenoot tegemoet te kom wat werktyd opgeoffer het om kinders groot te maak, behoort ‘n mens nie algeheel op jou lewensmaat staat te maak om voorsiening te maak vir jou aftrede nie.

## Om jou werk te verseker

Vroue is geneig om minder versekeringsdekking te hê as mans. Tuisbly-moeders is miskien van mening dat hulle nie werkloosheidsversekering nodig het nie, juis omdat hulle nie ‘n inkomste verdien nie.

Die feit van die saak is egter dat jy as moeder besig is om ‘n baie belangrike taak vir jou gesin te verrig. As dit nie vir jou moontlik sou wees om self na jou kinders om te sien nie, sou julle iemand in diens moes neem om te help om al die rolle te vervul waarvoor jy normaalweg verantwoordelik sou wees. Jou maat sal miskien ook na ‘n minder veeleisende betrekking wil oorskakel omdat hy dan die enigste versorger van die kinders sal wees. Indien jy ongeskik of ernstig siek raak, sal die las van mediese koste vir jou gesin groter raak. Onthou ook dat, hoewel jy nie op die oomblik verdien nie, jy miskien tog planne het om eendag weer tot die werksmag toe te tree en as dit nie vir jou moontlik is nie, sal dit jou toekomstige potensiële verdienste raak.

Die goeie nuus is darem dat die koste van lewensversekering vir vroue goedkoper is, juis vanweë ‘n langer lewensverwagting.

## Handhaaf jouself

Die feit dat jy nie ‘n inkomste verdien of nie die broodwinner is nie, beteken geensins dat jy nie jou eie finansiële plan moet hê nie. Hoekom stel jy jouself nie hierdie Moedersdag eerste nie: praat met ‘n finansiële adviseur om te verseker dat jy na jou eie finansiële behoeftes omsien, sodat jy nooit finansieel kwesbaar hoef te wees nie.

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*